higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

(11020323)

13 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

166Q1N2413

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VERVOERBEDRYF L3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Vervoerwavragmotors ('Van body trucks') word gewoonlik in stedelike vragverspreiding gebruik.

1.2 Vragmotors is uiters buigsame voertuie wat amper enige tipe vrag kan vervoer.

1.3 Die grootste uitdaging is om taxivervoer veilig, doeltreffend en bekostigbaar te maak.

1.4 ’n Noodontruimingsplan moet aangepas word vir die gebou of voertuig waarvoor dit geskep is.

1.5 Pyplynvervoer word maklik deur swak weerstoestande beïnvloed.

1.6 Die Ngqura-hawe is tans die diepste houerterminaal in Asië.

1.7 Die Wet op Burgerlike Lugvaart is waarskynlik die omvattendste stuk wetgewing wat paaie reguleer.

1.8 Die mynboubedryf maak op groot skaal gebruik van lugvervoer vir die vervoer van minerale.

1.9 Passasiersvervoer sluit alle openbare en private vervoermetodes vir mense in.

1.10 Suid-Afrikaanse ysterertS word per gespesialiseerde vragskip na China uitgevoer.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die bewaarder ('custodian') van die land se strategiese pyplyn	A	witskrif
2.2	Die mate waarin voertuie gebruik word	B	MSC
2.3	Stel strategiese doelwitte en regulatoriese onderwerpe vir landpassasiersvervoer	C	vaste koste
2.4	Bepaal die toelaatbare maksimum asmassalading ('axle mass load') van voertuie	D	RoRo
2.5	Tyd, vlugnommer en skedule word hierop aangedui	E	Petronet
2.6	Bied passasiersvervoer vir ontspanningsdoeleindes van Suid-Afrika na ander lande	F	Transnet
2.7	Tree op as die verhuurder ('landlord') vir hawens en is verantwoordelik vir ’n veilige, effektiewe en doeltreffende seevragstelsel	G	NRTA
2.8	Die vereniging wat toesig hou oor die bestuur van busmaatskappye	H	voertuiggebruik
2.9	Busse en minibusse wat reis van waar passasiers die gebou verlaat, tot by die trappe wat gebruik word om in die vliegtuig te klim	I	lughawependeltuig ('airport shuttle')
2.10	Skip wat ontwerp is om voertuie te vervoer	J	kaartjie
		K	SABOA
		L	elektroniese verifikasie

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

Definieer die volgende terme:

3.1 Multimodale vervoer ('Multi-modal transportation')

3.2 Soomlose aanvoerketting

3.3 Wanaanwending ('Misappropriation')

3.4 Aan boord gaan ('Embarking')

3.5 Padsmaler ('Road railer')

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Nottingham – slim kaartjie-uitreiking

Nottingham- geïntegreerde kaartjie-uitreiking bied die beste diens vir inwoners, werkers en besighede, en dit kan die hoeveelheid buspassasiers vermeerder en passasierstevredenheid, opklimspoed en businkomste verbeter. Ten spyte van die voordele daarvan, het die gebrek aan die regulering van busse gelei tot minimale Nottingham- geïntegreerde kaartjie-uitreiking buite Londen. Geïntegreerde kaartjie-uitreiking sou 'n norm kon word as meer stede die vermoë gehad het om busse te reguleer.

Nottingham het beter busse en dienste verskaf deur saam met busmaatskappye te werk en ander vermoëns tot hul beskikking te gebruik. Nottingham gebruik sy sterkpunte as 'n stad om busse vir werkers en inwoners te laat werk. Die Stadsraad verseker:

- Dat busse studente ondersteun wat roetes en koste betref
- Dat busse gebruik word om opeenhoping te verminder
- Dat afslagkaartjies gebruik word om busse bekostigbaar te maak
- Hefboombeplanningsmaatreëls om ontwikkelings op die middestad te fokus.

[*http:www.whatworksgrowt.org*]

4.1 Volgens die scenario sou geïntegreerde kaartjie-uitreiking 'n norm kon word as stede die vermoë gehad het om busse te reguleer.

Noem VYF beheerliggame in Suid-Afrika. (5 × 1) (5)

4.2 Die scenario noem dat Nottingham geïntegreerde kaartjie-uitreiking bied en dat hulle die potensiaal het om die hoeveelheid buspassasiers te vermeerder en passasierstevredenheid te verbeter.

Noem en definieer VYF elektroniese toestelle wat beskikbaar is om inligting op kaartjies te lees. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.3 Volgens die scenario het Nottingham verseker dat busse studente ondersteun wat roete en koste betref.

Noem en verduidelik VYF roetevereistes of dienskenmerke. (5 × 2) (10)

4.4 Noem VIER aspekte wat deur die Wet op Burgerlike Lugvaart van 2009 gereguleer word. (4 × 2) (8)
[33]

VRAAG 5

Bestudeer die prent en die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

TAXIGEWELD EN UITDAGINGS



Die minibustaxibedryf is waarskynlik die belangrikste deel van ons openbarevervoersektor. Dit is nie net vir die meeste mense toeganklik nie, maar dit is dikwels ook die enigste vervoer wat die meeste mense kan bekostig.

[Bron: Golden (2012)]

5.1 Noem VYF uitdagings wat minibustaxivervoer in die gesig staar. (5 × 2) (10)

5.2 Gebaseer op die prent, gee TWEE kenmerke van padvervoer. (2 × 2) (4)

5.3 Noem TWEE maniere om bagasie te etiketteer en te versprei. (2 × 1) (2)

5.4 Die minibustaxi lewer drie dienste. Noem slegs EEN. (1)
[17]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Kies die korrekte woord of woorde uit die lys hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

ja; baie laag; laag; baie hoog; hoog; soms; nul; medium; nee; stadig; baie vinnig; baie stadig

EIENSKAPPE	SPOOR	PAD	PYPLYN	LUG	WATER
Voordeurdiens ('Door-to-door service')	Soms	6.1	6.2	6.3	6.4
Prys	6.5	6.6	Baie laag	6.7	6.8
Spoed	6.9	6.10	6.11	Baie vinnig	6.12
Betroubaarheid	6.13	6.14	6.15	6.16	Laag
Buigsaamheid	Laag	6.17	6.18	6.19	6.20

[20]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou